Navorsingsoorsig

2

# ’n Ondersoek na die impak van ’n storiegebaseerde onderwyseropleidingsprogram op taal en vroeë geletterdheid by 4- en 5-jariges

*Visser, M., O’Carroll, S., Oakhill, J., Cain, K., & de Wet, K. (2023). ’n Ondersoek na die impak van ’n storiegebaseerde onderwyseropleidingsprogram op taal en vroeë geletterdheid by 4- en 5-jariges. Onderwysers staan sentraal: Was die program nuttig, prakties uitvoerbaar en maklik om te implementeer? Wordworks: Cape Town.*

## Onderwysers staan sentraal: Was die program nuttig, prakties uitvoerbaar en maklik om te implementeer?

Hierdie oorsig is die tweede in ’n reeks van vyf navorsingsoorsigte wat ’n ondersoek doen na die impak van Little Stars, ’n storiegebaseerde onderwyseropleidingsprogram oor taal en vroeë geletterdheid by 4- en 5-jariges. Hierdie oorsig fokus op die doeltreffendheid van die opleiding en die onderwysers se terugvoer oor dit wat hulle geleer het, asook die implementering van die program.

### Opleiding van onderwysers

Ons het isiXhosa- en Afrikaanse onderwysers van Vroeëkindontwikkeling- (VKO-) sentrums in Paarl, Wellington en Khayelitsha deur middel van plaaslike VKO-sentrums en NRO’s gewerf. Die onderwysers het ’n oriëntasie-werksessie bygewoon om meer oor die Little Stars-program en die navorsingsprojek uit te vind en om verwagtinge uiteen te sit. Hierna het die onderwysers deelgeneem aan twee voldag-opleidingswerksessies, wat gevolg is deur vier maandelikse werksessies (2.5 uur per sessie). Die opleiding is afgesluit met ’n sertifikaatseremonie wat geleenthede vir terugvoer en refleksie ingesluit het.


Die onderrigprogram dek ’n volle skooljaar wat uit 36 weke bestaan. Die terugvoer waaroor in hierdie oorsig verslag gedoen word, bestaan egter uit die terugvoer van die 26 onderwysers wat deel was van die intervensiegroep wat van middel-Februarie tot aan die einde van Augustus: 26 weke van die skooljaar, opleiding ontvang het. (Die kontrolegroep se opleiding het aan die einde van Augustus begin.) Twee onderwysers wat deel was van die steekproef het minder as die helfte van die werksessies bygewoon en is nie by die studie ingesluit nie. Die bywoningskoers van die oorblywende onderwysers was uitstaande, met ’n gemiddeld van 6.2 uit 7 sessies.

### Evalueringsraamwerk

Ons het die Kirkpatrick-model[1] as ’n raamwerk gebruik om die doeltreffendheid en impak van die opleiding op verskeie vlakke te assesseer. As die vernaamste belanghebbers wat betref die suksesvolle implementering van die Little Stars-program, staan onderwysers sentraal in drie van die vier evalueringsvlakke.

Hierdie navorsingsoorsig ondersoek Vlak 1 tot 3 van die Kirkpatrick-model. Ons ondersoek of die onderwysers die opleiding geniet het, gemotiveer gevoel het en die opleiding en klaskamerprogram as nuttig en waardevol beskou het (Vlak 1). Ons bestudeer die onderwysers se terugvoer oor dit wat hulle geleer het en hul insigte oor hoe jong kinders taal aanleer (Vlak 2). Ons doen ook verslag oor hul persepsies van hoe die program hul klaskamerpraktyk beïnvloed het (Vlak 3).

**Figuur 1: Kirkpatrick-model**




[1] Kirkpatrick, D., & Kirkpatrick, J. (2006). *Evaluating training programmes: The four levels*. Berrett-Koehler Publishers.

## Bevindinge

Ons bied ons bevindinge in drie afdelings aan: 1) Onmiddellike reaksies op die opleiding, 2) Onderwysers se insigte en wat hulle geleer het, en 3) Implementering van die program.

### 1. Onmiddellike reaksies op die opleiding

- Onderwysers het die fasilitering van die opleiding baie positief beoordeel; 86% het dit as uitmuntend beskou.
- Meer as 80% van onderwysers het die opleiding as die moeite werd en uiters waardevol beoordeel.
- Motivering en voorbereidheid: Onderwysers het regdeur die opleiding hoë vlakke van motivering en voorbereidheid getoon: op 'n skaal van 1 tot 7, het 90% hulle motivering as 6 of 7 beoordeel en 92% het hul voorbereidheid as 6 of 7 beoordeel.

> Daar was dinge wat ek nie geweet het nie. Ek het so baie dinge geleer wat ek nie geweet het nie en nou beter verstaan.

> Ek het baie geleer, want dit was vir my baie moeilik om taal te gee en nou kan ek nie wag vir Maandag nie.

> Ek voel baie geïnspireer en gemotiveer oor wat ek die twee dae geleer het ... ek voel selfversekerd dat ek dit kan gaan toepas.

### 2. Onderwysers se insigte en wat hulle geleer het

- Onderwysers het aangedui dat hulle meer as net opleiding ontvang het oor hoe om die program te volg. Hulle het ook waardevolle kennis opgedoen oor hoe kinders leer en hoe taal en vroeë geletterdheid ontwikkel.

> Hulle leer wanneer hulle sien en doen, en dan wanneer hulle aan iets kan vat.

> As die kind nie wil praat of antwoord nie, wag totdat [die kind] gereed is om te praat.

> Ek het geleer dat om fisiese hulpmiddels, byvoorbeeld 'n boksie melk of 'n bottel melk te gebruik meer doeltreffend is as wat ek 'n prentjie gebruik.

> Ek het nie geweet kinders kan vrae só antwoord nie. Dit het my aangemoedig om die kinders meer te betrek.

> Kinders begin leer wanneer hulle maak of hulle die groot boek lees.

- Die belangrikheid daarvan om **die kinders by leer te betrek** was 'n terugkerende tema. Onderwysers het gesê die program het hulle geleer hoe belangrik en waardevol dit is om leer pret te maak en die kinders aktief by leeraktiwiteite te betrek.

> Wanneer kinders iets geniet, leer hulle baie beter.

> Ek het gehou van die manier hoe ons geleer is dat kinders leer as hulle speel en ook hoe ons hulle woordeskat kan verbeter.

- Sommige onderwysers se terugvoer het gedui op 'n verskuiwing in hul benadering tot onderrig en hul voornemens om meer **interaksie** met die kinders te hê.

> Ek het nie geduld gehad met 'n kind wat stadig praat nie. Nou het ek geduld.

> ... om hulle te motiveer, gee hulle 'n kans om self dinge te ontdek.

> Ek het hul reeds voorheen geprys as hulle mooi doen, maar [nou sal ek hulle] meer prys.

- Laastens het baie onderwysers, terwyl hulle besin het oor wat hulle geleer het, ook verwys na hoe belangrik dit is om voor te berei vir die onderrig van taal en geletterdheid.

> Ek moet voorberei en gereed wees voordat ek my storie lees.

> Jy moet voorbereiding doen en die storie oefen voor jy dit vir die klas lees.

## Bevindinge vervolg ...

### 3. Implementering van die program

Onderwysers het aangedui dat hulle dit wat hulle tydens die opleiding geleer het, gebruik en die program in die klaskamer implementeer.

- Onderwysers het aangedui dat hulle 70% van die stories wat beskikbaar gestel is en die meeste van die programaktiwiteite gebruik. Terugvoer het getoon dat die omvang van die implementering van die program mettertyd verbeter het.
- Uitdagings wat ervaar is, was hoofsaaklik te make met die klein boekies en rolspelaktiwiteite in die program:
  - Dit was vir sommige onderwysers 'n uitdaging om die klein boekies te fotokopieer; ander het genoem dat die kinders dit moeilik gevind het om die klein boekies te vou.
  - Rolspel het ook uitdagings meegebring, soos om gelyke geleenthede vir al die kinders te verseker en dat die aktiwiteit baie tyd neem om te voltooi.

Onderwysers het egter genoem dat die kinders werklik die rolspel geniet het. Hulle het ook erken dat die klein boekies 'n positiewe invloed op taalontwikkeling en woordeskat gehad het.

- Oor die algemeen was die meeste onderwysers van mening dat die aktiwiteite goed gewerk het en terugvoer was toenemend positief oor die doeltreffendheid daarvan.

Tydens drie verskillende punte gedurende die opleiding, onderwysers is gevra om te beoordeel hoe goed die verskillende aktiwiteite hul klaskamers gewerk het. Hul response word in die tabel hieronder aangebied:

| Tydstip | Persentasie onderwysers wat die sukses van die aktiwiteit 'n punt van 5, 6 of 7 gee op 'n punteskaal uit 7 (*1 = Uiters Uitdagend, 7 = Het Baie Goed Gewerk*) |
|---|---|
| 1 | 49% |
| 2 | 66% |
| 3 | 83% |

- Onderwysers was beïndruk met die program se hulpbronne en aktiwiteite. Hulle het dit prettig en interessant gevind en maklik om te implementeer. Hulle het ook die waarde daarvan ingesien om hul eie goedkoop hulpbronne self te maak.
- Hulle het die program se ondersteuning vir kinders se leer en taalontwikkeling beklemtoon.

**"Rolspel help die kinders met taal en woorde.**

**[Dit was interessant ...] hoe die kinders die storie met die hulp van die klein boekies kan vertel. Dit het gewys hulle luister, al voel dit soms nie so nie."**



## Bevindinge vervolg ...

Baie van die onderwysers se response oor die verandering in hul klaskamerpraktyk het verband gehou met die vertel van stories en die manier waarop hulle stories in die klaskamer gebruik het:

- Onderwysers het nou beplan om een enkele storie vir verskillende aktiwiteite oor 'n uitgebreide tydperk te gebruik.
- Onderwysers het beplan om kinders se ervarings van stories te verbeter deur hulpbronne soos prente en handpoppe te gebruik.
- Onderwysers was van voorneme om kinders aktief te betrek by die vertel van stories en om dit vir hulle interessant te maak om te leer deur vrae te vra voordat hulle die storie deel; deur vir kinders die geleentheid te gee om hul eie stories te vertel en om 'n rolspel met die karakters te doen; en om vir die kinders vrae oor die storie te vra om hulle te betrek.

“Om een storie oor twee weke te vertel en elke dag van twee weke, is baie interessant en opwindend en ek sal dit baie graag doen.

Ek het gedink: 'Jinne, ons kan stories vertel! Ons vertel dan al die pad stories!' En ek het nie geweet mens kan 'n storie so in diepte vertel nie, want ander kere het ons stories vertel, okay, jy het vir die maatjies die boek gewys, hierso en dan vertel jy nou die storie, maar ons het nooit 'n prentjie geteken saam met die storie nie, ons het nooit dit alles uiteengesit nie, die liedjie saam met die storie gesing nie ...”

## Belang en betekenis van die bevindinge

Hierdie navorsingsbevindinge toon dat die Little Stars-opleidings- en klaskamerprogram as uiters waardevol en prakties uitvoerbaar beskou word vir onderwysers in kontekste met min of beperkte hulpbronne. Die program het baie potensiaal om onderrigpraktyke te versterk, veral op die gebied van die vertel van stories, rolspel en die skep van boeiende leerervarings.

Onderwysers het hoë vlakke van motivering en selfgerapporteerde implementering van programmateriaal en -aktiwiteite. Hulle het hul voornemens bekend gemaak om beter voorbereid te wees vir onderrigaktiwiteite en om die program se strategieë en hulpbronne in die toekoms by hul onderrig in te sluit. Hul terugvoer het ook 'n verskuiwing in hul benadering tot die onderrig van taal en vroeë geletterdheid geopenbaar, asook hul begrip van hoe kinders leer.

Die program het 'n positiewe invloed gehad op onderwysers se persepsies oor die onderrig van taal en vroeë geletterdheid, en vir baie onderwysers het dit gelei tot hernude selfvertroue en entoesiasme vir onderwys.

“Ek het gedink ons almal kan stories vertel, wat gaan ons leer? Selfvertroue, dis wat ek gekry het. En die kinders ook, hulle neem deel.

... die program het selfvertroue gegee. Die program is baie goed uitgelê. Ek het geweet alles is daar. Die kinders borrel, kan stories vertel!

Daar is tye van mismoedigheid, hierdie is nie 'n maklike werk nie (onderwys). Die program maak dit makliker, ek het meer gemoedsrus, want jy het die storie. Jy kan Maandag kyk en weet dis jou storie en aktiwiteite vir die week.”



*Ons gee met dank erkenning aan die British Academy vir hul ruim navorsingstoelae (ECE 190079).*
*Die reeks navorsingsoorsigte is deur Lancaster University FST Impact Fund befonds.*